

# Ons Haantjie

Nr 152  
Nov  
2022

## *Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond*

Theewaterskloof Landgoed 205  
Villiersdorp

Posbus 121  
6848 Villiersdorp

Sel: 082 355 3801

[www.henning.org](http://www.henning.org)

E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)

*Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November*

## Graf van Cornelis Belsazar Henning \*17-1-1886



**a2.b1.c6.d3.e11. Cornelis Belsazar Henning \*Zastron 17-1-1886 en sy vrou Susanna Francina (gebore Fouche) \*19-10-1889**

Cornelis Belsazar Henning gebore 17 Januarie 1886 is sekerlik een van die mees kleurvolle karakters in die geskiedenis van die Henning families van Suid-Afrika en ons het al verskeie kere oor hom berig in die nuusbrief.

Cornelis was nog nie eens veertien jaar oud toe die Anglo Boereoorlog gedurende Oktober 1899 uitbreek het. Toe sy pa, Pieter Hendrik Henning \*30-7-1840 by die Rouxville Kommando aansluit, het die veertienjarige Cornelis sy pa vergesel, hoewel sy naam nie in die kommandolyste opgeneem is nie.

Daar is egter stawende bewyse - briewe deur die Adjudant van die Rouxville Kommando en 'n burger P W Vogel - dat hy aan die slag by die Aliwal-Noord brug op 10 Maart 1900 deelgeneem en deur skrapnel verwond is.

Tydens die geveg is sy pa se perd deur 'n kartets in die hoof getref. Cornelis moes dus sy pa ook op sy perd laai en op die vlug slaan. Hy het dus sy pa se lewe gered.

Soos sy pa, is Cornelis ook deur die Britse magte gevang. Sy pa is na die krygsgevangenekamp op die eiland St Helena gestuur, terwyl Cornelis na Jamestown, naby Aliwal-Noord gestuur is om verpleeg en daar opgesluit te word.

**In ou Baltiese dialek was Hen = Haan (manlik), Henne = Hen (vroulik). Henning = Haantjie (vriendelike bynaam vir 'n jong lewenslustige en parmantige seuntjie)**

Na die oorlog moes hy te voet vanaf Jamestown terugstap na hulle plaas, Palmietfontein in die Rouxville/Zastron distrik. As gevolg van ontberinge het sy familie hom amper nie herken nie.

Die wondmerk aan sy linkerslaap was tot sy dood duidelik sigbaar.

Toe die Suid-Afrikaanse regering in 1920 burgers wat aan die oorlog deelgeneem het, nooi om aansoek te doen vir die Oorlogsmedalje wat ingestel is, was Cornelis een van diegene wat nie eens aansoek gedoen het nie. Hy het selfs vir die “Lint voor verwonding” gekwalifiseer.

Op 2 November 1909 tree hy te Zastron in die huwelik met Susanna Francina Fouche \*19-10-1889.



Hy het mettertyd die plaas Riviergesig, in die Zastrondistrik bekom waar hy 'n welvarende melkboerdery bedryf het.

Gedurende die 1920's het dinge op die plaas skynbaar nie meer so goed gegaan nie en besluit hy om sy geluk op die



**Die plaashuis op die plaas Riviergesig, distrik Zastron, wat reeds teen 1959, toe die foto geneem is verval begin raak het. Dit was die plaas van a2.b1.c6.d3.e11. Cornelis Belsazar Henning \*17-1-1886**

diamantvelde Noord van Kimberley te gaan beproef. Hy laat sy vrou en kinders agter op Riviergesig. Vroeg in November 1926 lewer 'n perderuiter – die posman – 'n brief by sy vrou af dat haar man ernstig siek lê met longontsteking. Sy en haar seun Francois Delarey (\*1914) - toe ongeveer 12 jaar oud - het onmiddelik met 'n perdekar Lichtenburg toe gery. Toe hulle twee weke later in Lichtenburg aankom het hulle verneem dat hy reeds op 17 November 1926 oorlede en daar in Lichtenburg begrawe is. Francois Delarey, wat saam met sy ma was,

**Frans Henning het duidelik die standbeeld en grafsteen van Genl De la Rey met mekaar verwar. Hierdie is die grafsteen wat in die Lichtenburg begraafplaas opgerig is**

het later vertel dat toe hulle die graf besoek het en hy so links opkyk het hy genl Delarey se graf gesien. Sy grafsteen is 'n perderuiter op 'n perd. Die familie het later weer na die graf gaan soek, maar kon dit nie vind nie.



**'n Foto van ouma Susanna Francina Henning en haar seun Francois De la Rey Henning op die plek waar haar man begrawe is**

dit toe uit dat hy die plek waar oupa begrawe is, saam met sy pa Francois de la Rey b1.c6.d3.e11.f3.en ouma Henning, Susanna Francina besoek het, baie jare na sy afsterwe. Die besoek word bevestig met 'n foto wat hy geneem het waar my ouma en Frans de la Rey na 'n blompotjie staan en kyk. Daar was op daardie stadium geen teken van 'n graf of grafnommer nie, maar die posisie van die graf was in dieselfde ry as dié van Genl de la Rey. Op grond hiervan het ek die Lichtenburg munisipaliteit gekontak en verneem of daar nie dalk 'n personeellid is wat my behulpsaam kan wees.

**Johannes Henning saam met Martin Clarke van die Lichtenburg Parke-afdeling wat hom gehelp het om die presiese plek van oupa Cornelis se graf te plot**

Ongeveer twee weke later ontvang ek 'n oproep van 'n mnr Martin Clarke, Afdelingsbestuurder van Lichtenburg

Daar het twyfel bestaan, of Cornelis in die dorpsbegraafplaas of die begraafplaas vir die diamantdelwers begrawe is. Genl De la Rey se standbeeld staan inderwaarheid voor die stadsaal van Lichtenburg.

Cornelis se kleinseun, Johannes Henning a2.b1.c6.d3.e11.f1.g4. het vir ons die laaste stukkie geskiedenis van sy oupa laat weet. Hier is sy relaas:

Die feit dat my oupa C B Henning a2.b1.c6.d3.e11. se graf nooit opgespoor kon word nie, het my altyd gepla en poog ek reeds sedert die negentiger jare om sy graf op te spoor, maar het telkens by 'n doodloopstraat gekom, veral toe daar gesê is dat die moontlikheid bestaan dat hy in die delwers-begraafplaas buite Lichtenburg begrawe kan wees.

Onlangs het ek met my neef Frans Henning a2.b1.c6.d3.e11. f3.g2 kontak gemaak en tydens ons kommunikasie kom






Parke en begraafplase waartydens hy my meedeel dat hy my oupa se graf gevind het, of altans die plek waar hy begrawe is. Martin het op grond van die foto, sekere objekte geidentifiseer en die graf geplot.


Ek was baie opgewonde en het 'n grafsteen kopstuk laat maak en graveer en ek en 'n vriend, Fanie Steyn, is op 7 Julie 2022 sak en pak uit Pretoria weg met beton premix, grawe, harke, waterpas en 'n troffel Lichtenburg toe om die grafsteen te gaan oprig. Ek heg 'n klomp fotos van die gebeure aan. Daarna het Martin verder moeite gedoen en ons Bakerville toe geneem waar die diamante in die 1920's gedelf is. Ek wil dan ook deur hierdie weg my hartlike dank uitspreek teenoor almal wat betrokke was en 'n bydrae gelewer het. Spesiaal aan Martin Clarke en my broer Willie Henning a2.b1.c6.d3.e11.f1.g3 vir die finansiële bydrae en Fanie Steyn vir sy fisiese hulp en bystand.

Saamgestel deur CBHenning se kleinseun Johannes Henning a2.b1.c6.d3.e11.f1.g4.



**Bo: a2.b1.c6.d3.e11.f1.g4. Johannes Henning by die grafsteen wat hy vir sy oupa se graf laat maak het. Links, 'n foto saam met sy vriend Fanie Steyn wat hom gehelp het om die grafsteen op te rig**

# Henning-Wêreldkampioen



**Dr Pieter Dawid Henning in sy spreekkamer in Potchefstroom**



**Dr Pieter Henning op die podium nadat hy sy goue medalje in Romenië verower het**

‘n Potchefstroomse tandarts het gedurende Junie 2022 hakskenegewys vir tweekamp-atele van oor die wêreld heen en ‘n goue medalje in ‘n moordende wedloop in Romenië verower.

a2.b1.c1.d6.e2.f2.g3.h1.

Dr Pieter Dawid Henning \*28-9-1952 wat in September 70 jaar oud geword het, het gesê dat sy oorwinning in die World Cross Duathlon-kampioenskappe aanvanklik “nog nie mooi ingesink het nie.”

Met sy tuiskoms het twintig van sy hardloop - en fietsry vriende hom een aand met ‘n vrolike kuier verras. Toe eers het hy regtig besef wat gebeur het. Natuurlik het hy sy besedoen, maar die goue medalje was ‘n bonus en ‘n verrassing.

Pieter het in die ouderdomskategorie vir atlete van 70 tot 74 deelgeneem. Die drafroete oor 10.5 kilometers met ‘n klimhelling van 300 meters was baie moeilik. Die klimhelling op die bergfietsrit oor 25km was 885 meters.

Die kampioenskappe, wat jaarliks plaasvind, roteer tussen verskillende lande en

vastelande. Hierdie keer was dit in die dorp Targu Mures in Romenië.

Pieter het Suid-Afrika in 1996 en 2019 in onderskeidelik Italië en Spanje in dieselfde kampioenskappe verteenwoordig.

Hy het na die kampioenskappe in Romenië ook ‘n draai gemaak in Montreal, Kanada, waar hy aan ‘n driekamp wêreldkampioenskap deelgeneem het.

Pieter sê hy is bevoorreg om nog gesond en tot dusver operasie -en beseringsvry te wees. Hy oefen al 35-jaar. Hy dank die Here elke oggend dat hy kan oefen, want daar is geen waarborg dat hy weer sal kan oefen en aan kompetisies deelneem nie.

In 2021 het hy begin swem en sedertdien neem hy deel aan swem-driekamp kompetisies.

Sy vrou Miekie, verstaan dat oefening deel van sy lewe is en ondersteun hom ten volle. Sy is lief vir stap, Pilates en die buitelewe.


Pieter oefen elke oggend saam met 'n groep vriende. Maandae, Woensdae en Vrydae draf hulle en Dinsdae en Donderdae ry hulle fiets.

Romenië was 'n fees. Die kos, blyplek en vliegkaartjies is regtig bekostigbaar. Die kos en blyplek is selfs goedkoper as in Suid-Afrika. Die land is pragtig groen en daar is geen rommel nie. Die hele land is wonderlik skoon en daar is geen werkloosheid nie.

Terug by die huis het hy aan die Suid-Afrikaanse tweekamp-kampioenskap in Gqeberha deelgeneem en daarna in Oktober 'n halwe Ystermankompetisie in Mosselbaai.

Dr Pieter Dawid Henning \*28-9-1952 het tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria studeer en het sy studies gedurende 1976 voltooi, waarna hy begin praktiseer het.

## Plaasaanval op Henning plaas in Trompsburg



a2.b7.c7.d10.e3.f1. Philippus Arnoldus Henning (noemnaam Flip) \*Trompsburg 18-11-1943 boer op die plaas, Straussfontein in die Trompsburg distrik. Flip was getroud met Rosmé Estelle Bothma \*Brakpan 22-4-1946, wat op haar dag joolkoningin was. Hulle het twee seuns wat beide reeds getroud is en kinders het. Rosmé is egter ongeveer twee jaar terug oorlede.

**Philippus Arnoldus Henning (noemnaam Flip) \*Trompsburg 18-11-1943 boer op die plaas, Straussfontein in die Trompsburg distrik. Foto geneem toe hy as voorsitter van die Vrystaatse Landbou-unie verkies is**



**Beminde Jacobs (62). Op die foto onder kan mens sommige van die letsels sien wat sy tydens die aanval opgedoen het**



Flip is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie. Hy is 'n bekende merinoboer en storieverteller van formaat en is 'n legende in Trompsburg. Hy word in die stilligheid Trompsburg se burgemeester genoem. Sy pa, Lappies, was in sy tyd wel die burgemeester. Flip het 'n vriendin, Beminde Jacobs (62) met wie hy beplan het om te trou. Sy woon dus reeds 'n tydlang ook op Straussfontein. Beminde bedryf 'n restaurant, Tromp-Op Boerekos Kombuis op Trompsburg. Haar man, Gerrit Jacobs, is in Maart 2020 oorlede.

Flip en Beminde het Sondag 3 Julie 2022 vir haar dogter in Bloemfontein gaan kuier en eers Maandag teruggery. Hulle het met twee motors gery omdat hulle verskillende afsprake Maandag gehad het. Beminde sou direk plaas toe ry. Sy het ook een van Flip se kleindogters (14) opgelaai. Op die plaas het die dogter met 'n perd die veld ingery.

Beminde self het gaan stort. Sy wou haarself net gou netjies maak voordat sy haar restaurant 17:00 moes oopsluit. Toe sy uit die stort kom, het sy 'n plaaswerker betrap waar hy laaie in die hoofslaapkamer uitgepak het.

“Sy het geskree en wou vlug, maar het geval. Hy het haar glo geskop, geslaan, gewurg en gestamp. Die aanval was so erg dat haar wangbeen en ribbes gebreek is.”

Flip sê hy het Beminde in 'n verskriklike toestand gekry. Sy

is in die neurochirurgie-afdeling van die Life Rosepark-hospitaal in Bloemfontein verpleeg en het erge trauma ervaar ná die wrede aanval op haar.

Flip sê hy weet nie wat in die plaaswerker gevaar het nie.

“Ek het die werkers Saterdag betaal en hy het seker gehoop daar is nog geld in die laaie. Toe word hy betrap. Ek het Saterdag nog vir hom R1 100 gegee om ’n bed te kan koop, en nou maak hy só?”

Hy sê Beminde het ’n geweldig goeie hart en kyk mooi na die plaaswerkers. “Sy deel gedurig kos, klere en medisyne aan hulle uit.”

Flip het self ook in 2007 ’n plaasaanval op Straussfontein oorleef toe vyf mans hom oorval en hom in sy linkerskouer geskiet het. Die mans het een van sy werkers met ’n pyp doodgeslaan.

Die aanvaller is Donderdagaand 7 Julie in Colesberg – sowat 120 km van Trompsburg – vasgetrek.

## Tot niet gaan van die Familiebond



**Wyle Lou Henning, bekende spotprentekenaar van die Sondagkoerant, Rapport het hierdie prentjie vir ons geteken in 1984, kort na die totstandkoming van die Familiebond en die Nuusbrief**

Ons het in die vorige nuusbrieff berig oor die groot terugslag wat ek, as Bondsektaris, gedurende Mei 2022 in my gesondheid gehad het en waar ek by die dood omgedraai het. Dit het duidelik geword dat ek slegs sal kan voortgaan om die Familiebond te bestuur as daar nie verdere terugslae in my gesondheid plaasvind nie. Ek vind reeds dat my konsentrasievermoë verswak, maar solank as wat dit nog vir my moontlik is, sal ek voortgaan om die Familiekronek by te werk en nuusbriewe uit te stuur — nie meer papier afskrifte nie maar slegs per E-Pos, weens die onbetroubaarheid van die poskantoor en die hoë koste van die druk van hierdie nuusbriewe (ongeveer R25.00 per nuusbrieff).

Die persoon wat by my as die opsteller van die Nuusbrieff (in Afrikaans en Engels) sal moet

orneem, moet oor uitgebreide kennis van die geskiedenis van die Henning familie beskik en ook in staat sal moet wees om alle nuuswaardige berigte van huidige geslachte op te spoor. Ongelukkig is daar tans nie so ’n persoon, waarvan ons bewus is nie.

Die Henning webwerf op Internet sal behou word, waar die hele familiekronek, museum en nuusbriewe geraadpleeg kan word. Gelukkig sal Dr Jannetta Steyn



voortgaan om die webwerf by te hou. Maar dit is duidelik dat ons familiebond met verloop van tyd tot niet sal gaan.

Eerstens vra ek dat die paar mense wat maandeliks donasies aangestuur het, om dit te staak. Hierdie fondse het werklik die familiebond aan die lewe gehou en wil ek weer vir hierdie ses lede baie, baie dankie sê vir hulle betrokkenheid.

Dit sal ook nie nodig wees om eenmalige donasies aan te stuur nie. Ons sal begin teer op ons reserwes, todat daar niks oor is nie en dan die familiebond laat ontbind.

Vir myself is dit 'n groot teleurstelling omdat ek vir langer as 40 jaar betrokke was met die navorsing na die geskiedenis en geslagsregisters van die Henning families. Ek besef egter dat dit die lot van alle familiebonde — selfs die Henning Familiebond — sal wees.

## Sterftes



**a2.b1.c6.d11.e9.f1.g2 Elvy Henning wat op 22 Augustus 2022 oorlede is**

Ons het verneem dat daar 'n roudiens vir 'n Elvy Henning op 25 Augustus 2022 in die NG Kerk Marble Hall gehou is.

Ons vermoed dat dit Elvy Henning, gebore 21 April 1959 met genealogiese nommer a2.b1.c6.d11.e9.f1.g2 moet wees. Ongelukkig kon ons geen verdere inligting kry nie. Skynbaar is hy oorlede weens kanker en het gesterf op 22 Augustus 2022.

Ons vind 'n leidraad op sy begrafnisbrief, waar sy vrou se noemnaam as Lien aangedui word. Ons het dit op rekord dat Elvy Henning se vrou se volle name Kayleen Ann (gebore Van Der Merwe) is en ons vermoed dat Lien afgelei is van Kayleen. Hulle het een seun, Wade Tyron Avery, gebore 11 Julie 1983 wat ons vermoed Lien se seun uit 'n

vorige huwelik moet wees. Sy naam verskyn wel op 'n ou kieserslys (2014) waar hy as Wade Tyron Henning, gebore 11 Julie 1983 geregistreer is. Ongelukkig verskyn daar geen adres op die kieserslys nie.

## Babas

Ons het verneem dat a2.b1.c6.d8.e8.f8.g3. Andries Gustaf Henning en sy vrou, Melissa (gebore Etsebet) se tweede dogtertjie, Amber Gabriella op 18 Mei 2021 gebore is.



**Andries Gustaf Henning en sy vrou, Melissa se jongste dogtertjie, Amber Gabriella wat op 18 Mei 2021 gebore is**

## Geldsake

Baie dankie aan die volgende twee lede wat oor die afgelope drie maande donasies vir die familiebond aangestuur het:

P A Henning (vermoedelik Philippus Arnoldus Henning) van Langebaan – R500.00  
Elizabeth M Dirker (lid114) van Kockspark – R200.00

Dan het ons ses staatmakers (Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, Mauritz Martin Henning van Theresapark, Pretoria-Noord, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria, die 92-jarige Pastoor Antonie Henning van Pretoria, mev Gesina Spangenberg van Swakopmund, Namibië en Gert Hendrik Frans Henning en sy vrou, Grietha van Bethlehem) gereeld elke maand 'n donasie aangestuur. Ons het hierdie lede reeds verwittig dat dit nie meer nodig is om donasies aan te stuur nie.

